KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 14 MAART 2017 OM 15:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mev. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | - | Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling |
| Mnr. J Breunissen | - | Bestuurder: Siviele Ingenieurs Dienste |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**BKN013/03/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Uitvoerende Onderburgemeester open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

Die Uitvoerende Burgemeester gee 'n geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die afgevaardigde van Provinsie, Me. Patience Oor (Departement van Plaaslike Regering) voor te stel.

***

**BKN014/03/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN015/03/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange, met betrekking tot die items op die agenda, het nie.

***

**BKN016/03/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: DINSDAG 21 FEBRUARIE 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 21 Februarie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR Fillis)***

***

**BKN017/03/2017**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 28 FEBRUARIE 2017**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 28 Februarie 2017 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (RR Fillis)***

***

**BKN018/03/2017**
**VERKLARING/MEDEDELING DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Dat Mnr. Isak Wiese (Oom Sakkie) se vrou Anna afgesterf het, waarna sy namens die administrasie hom alle sterkte toewens en simpatiseer.

***

**BKN019/03/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: COMMUNITY WORKER PROGRAMME**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Provinsiale afgevaardigde, Me. Patience Oor, neem die komitee deur die visuele voorlegging, waarna verskeie vrae en insette deur die komitee gelewer word.

Die Munisipale Bestuurder bedank Me. Oor vir die goeie voorlegging en dat Provinsie Bergrivier Munisipaliteit deel maak van die "Community Worker Programme". Hierna verlaat Me. Oor die vergadering.

**BESLUIT:**

Dat Bergrivier Munisipaliteit die Community Worker Programme met dank verwelkom in ons Munisipale gebied en dat die Munisipaliteit dit steun.

***

**BKN020/03/2017**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: VOORLEGGING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER: HUIDIGE WATERSITUASIE IN DIE WES-KAAP**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Die Munisipale Bestuurder gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking en neem die komitee deur die visuele voorlegging, soos voorberei deur André Roux van die Departement van Landbou.

Die Voorsitter bied 'n geleentheid aan die komitee vir insette/kommentaar en vrae.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN021/03/2017**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN022/03/2017**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: HERSIENING EN HERONTWERP VAN DIE ORGANOGRAM: VORDERINGSVERSLAG INSAKE DIE VERDELING VAN FUNKSIES**

***(Mnr. A Sander sluit by die vergadering aan om 15:55)***

***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Mnr. Sander neem die komitee deur die verslae, soos voorgelê.

Verskeie vrae en insette word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Voorsitter bedank Mnr. Sander vir die voorlegging.

**PAD VORENTOE: KONSEP - MIKROSTRUKTUUR**

Die Munisipale Bestuurder stel die volgende werkswyse voor en dit word deur die Burgemeesterskomitee ondersteun:

- Dat die konsep mikrostruktuur ontwikkel word en voorgelê word by die Direksie vergadering vir oorweging;
- Dat 'n informele gesprek met die Vakbondvoorsitters deur die Direkteur Korporatiewe Dienste gevoer word, waartydens die konsep mikro bespreek word vir konsultasie;

- Dat die Burgemeesterskomitee en Direksie se informele gesprekke volg rakende die mikrostruktuur, waarna die konsep mikrostruktuur by die Arbeidsforum voorgelê word vir verdere konsultasie; en

- Dat die item met die nodige wysigings (indien enige) voorgelê word aan die Korporatiewe Dienste komitee en daarna aan die Burgemeesterskomitee vir aanbeveling aan die volle Raad vóór einde Mei 2017.

**<u>BESLUIT:</u>**

1. Dat die Burgemeesterskomitee kennis neem van die voorgestelde funksionele verdeling;
2. Dat die Burgemeesterskomitee die voorgestelde funksionele verdeling en gepaardgaande konsep makro organisasiestruktuur aanvaar as basis tot die ontwikkeling van die mikro organisasiestruktuur tydens die volgende fase van die projek vir goedkeuring deur die Raad na afhandeling; en
3. Dat die voorgestelde werkswyse aanvaar word vir ontwikkeling van die mikrostruktuur.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN023/03/2017**
**<u>VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 981, LAAIPLEK</u>**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

Verskeie vrae en insette word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Munisipaliteit ingevolge die MFMA, nie die persele vir munisipale doeleindes benodig nie;
2. Dat die munisipale waardasie ten bedrae van R35 000 (BTW ingesluit) as insetprys gebruik word vir die tender; en
3. Dat Erf 981, Laaiplek per tender beskikbaar gestel word vir verkoop op voorwaarde dat aansluiting tot die dienstenetwerk vir die koste van suksesvolle tenderaar sal wees.

***

**BKN024/03/2017**
**VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 3205: PORTERVILLE**
**PTV3205**

Die Portefeulje Voorsitter gee ŉ breë opsomming tot die item onder bespreking en neem die komitee deur die aanbeveling.

Die Munisipale Bestuurder lewer kommentaar en vrae met spesifieke verwysing na die berekening van die insetprys vir vervreemding van die betrokke erf.

Die Bestuurder: Beplanning en Ontwikkeling lewer breedvoerig kommentaar ter inligting aan die Burgemeesterskomitee.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat Erf 3205, Porterville aangewend word vir uitbreiding van Porterville se sentrale sakegebied deur die oprigting van ŉ winkelkompleks wat voorsiening maak vir ŉ informele handelsarea;
2. Dat die nodige grondgebruikaansoeke gedoen word ten einde Erf 3205 Porterville se sonering te verander ten einde die ontwikkeling van ŉ winkel kompleks, wat voorsiening maak vir ŉ informele handelsarea, toe te laat;
3. Dat Erf 3205, Porterville nie vir munisipale dienslewering benodig word nie,en dat dit per tender (ontwikkelingsvoorstelle) vervreem word teen ŉ insetprys van R1 000 000 (BTW ingesluit) – die ontwikkelingsvoorstelle moet spesifiek wees vir ŉ winkelkompleks wat voorsienning maak vir ŉ informele handelsarea; en
4. Dat die suksesvolle tenderaar verantwoordelik sal wees vir alle opgraderings aan die dienste netwerk wat vir die beoogde ontwikkeling benodig gaan word, soos ooreengekom met die Direkteur Tegniese Dienste en vervat in ŉ dienste-ooreenkoms.

***

**BKN025/03/2017**
**VISHUISPERSEEL NO.8: ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN)**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Na uiteenlopende insette en kommentaar word die onderstaande besluit geneem.

**BESLUIT:**

Dat die item terugverwys word na die volgende Korporatiewe Dienste komitee vergadering vir verdere bespreking in konsultasie met die twee (2) wyksraadslede.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE (04/04/2017)***

***

**BKN026/03/2017**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN ONGEREGISTREERDE ERF 4471 PIKETBERG (VOORHEEN ERF 1333, PIKETBERG)</u>**
**15/3/8**

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en gee breedvoerig agtergrond tot die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat Erf 4471, Piketberg (voorheen Erf 1333, Piketberg) nie vir Munisipale doeleindes benodig word nie;
2. Dat die Raad se voorneme om Erf 4471, Piketberg aan Mother Pearl Bewaarskool te verhuur, geadverteer word vir 14 dae en indien geen besware ontvang word nie, voortgegaan word met die verlenging van die bestaande huurkontrak vir 'n onbepaalde tydperk, met wedersydse kennisgewing van twee maande vir beeïndiging van die huurkontrak;
3. Dat Paragraaf 2 van die bestaande huurooreenkoms dienooreenkomstig aangepas word, ooreenkomstig die termyn by punt no. 2 van hierdie besluit; en
4. Dat paragraaf 1.1.1 van die huidige huurkontrak vervang word met *"Erf 4471, Piketberg geleë op die hoek van Zebra- en Calendulastraat."*

***

**BKN027/03/2017**
**<u>PRIMARY HEALTH CARE FACILITY: RESTANT ERF 386, REDELINGHUYS</u>**
**RDH386**

Die Portefeulje Voorsitter gee 'n breë agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat punt 4 van Raadsbesluit RVA014/05/2015 gedateer 29 Mei 2015 geskrap word; en
2. Dat 'n verdere verlenging tot einde Desember 2018 toegestaan word.

***(Die Direkteur Tegniese Dienste verlaat die vergadering om 16:55)***

***

**BKN028/03/2017**
**<u>KONSEPBELEID: AFSKEIDSFUNKSIES VIR WERKNEMERS VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**4/2/B**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond en neem die komitee deur die verslag.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare, waarna die onderstaande besluit geneem is.

**<u>BESLUIT:</u>**

Dat die item nie gesteun word nie.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN029/03/2017**

**AANWYS VAN VERTEENWOORDIGERS OP SALGA WERKSGROEPE**

***('n Vervangende verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en neem die komitee deur die verslag en aanbeveling.

**AANBEVELING: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die onderstaande persone aangewys word om die Raad op die ooreen-stemmende SALGA werksgroepe te verteenwoordig:

| SALGA WORKING GROUPS | RAAD | | PERSONEEL | |
|---|---|---|---|---|
| | Raadslede | Sekundus vir Raadslede | Personeellid | Sekundus vir personeellid |
| Community Development & Social Working Group | Rdh R van Rooy | Rdl A du Plooy | Hoof Strategiese Dienste | Waarnemend of afge-vaardigde deur MB afhangende van agenda |
| Economic Empower-ment & Employment Creation | Rdh A de Vries | Rdd S Crafford | Bestuurder Strategiese Dienste | Waarnemend of afge-vaardigde deur MB af-hangende van agenda |
| Environmental Planning & Climate Resilience | Rdh R van Rooy | Rdh JJ Josephus | Bestuurder Beplanning en Ontwikkeling | Waarnemend of afge-vaardigde deur Direk-teur afhangende van agenda |
| Human Settlements & Municipal Planning | Rdl M Wessels | Rdh R van Rooy | Direkteur Tegniese Dienste | Waarnemend of afge-vaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Public Transport and Roads | Rdl M Wessels | Rdl A du Plooy | Direkteur Tegniese Dienste | Waarnemend of afge-vaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Water, Sanitation and Waste Management | Rdl M Wessels | Rdl A Small | Direkteur Tegniese Dienste | Waarnemend of afge-vaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Capacity Building & Institutional Resilience | Rdh R van Rooy | Rdl J Daniels | Bestuurder Mens-like Hulpbron-dienste | Waarnemend of afgevaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Governance & Intergovernmental Relations | Rdh EB Manuel | Rdd S Crafford | Munisipale Bestuurder | Waarnemend of afgevaardigde deur MB afhangende van agenda |
| Municipal Finance & Fiscal Policy | Rdd S Crafford | Rdl J Daniels | Direkteur Finansiële Dienste | Waarnemend of afge-vaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| Municipal Innovations & Information Technology | Rdh R van Rooy | Rdd S Crafford | Hoof IT | Waarnemend of afge-vaardigde deur Direkteur afhangende van agenda |
| SALGA Members Assembly | Rdh JJ Josephus | Rdl J Daniels | Munisipale Bestuurder | Waarnemend of afge-vaardigde deur MB af-hangende van agenda |
| SALGA : Western Cape Division of SALGBC : Plenary and Executive Committee | Rdh A de Vries | **Not necessary** | Munisipale Bestuurder | Waarnemend of afge-vaardigde deur MB afhangende van agenda |

2. Die Speaker, Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder en Direkteure die reiskostes binne die goedgekeurde begrotings bestuur;

3. Dat SALGA dienooreenkomstig in kennis gestel word op die voorgeskrewe vorm voor 31 Maart 2017; en

4. Dat delegasie 239 (paragraaf 2 hierbo) soos volg verander word:

| ACT, REGULATION, BY-LAW, POLICY | MATTERS | DELEGATION NUMBER | POWER / DUTY | DUTY OF | DELEGATED TO | SUB-DELEGATED TO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| General delegations to the Municipal Manager | General matters | Delegation number 2 | To appoint officials to represent council on outside bodies | Council | Municipal Manager in consultation with the relevant Director | None |

***

**BKN030/03/2017**
**HERSIENING EN HERONTWERP VAN DIE ORGANOGRAM: VORDERINGSVERSLAG INSAKE DIE VERDELING VAN FUNKSIES**
**4/1/1/B**

***(Sien notulering by punt BKN022)***

***

**BKN031/03/2017**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2017**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY THE COUNCIL**

That the Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for January 2017.

***

**BKN032/03/2017**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Die komitee neem kennis van die notules, soos voorgelê.

***

**BKN033/03/2017**
**<u>NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN034/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN035/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN036/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN037/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 17:00***

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***